Lêer verw/

File ref: 15/3/3-9/Erf_4282
15/3/4-9/Erf_4282

Navrae/Enquiries:
Mnr AJ Burger

19 November 2015

Planscape
Posbus 557
MOORREESBURG
7310

Per Geregistreerde Pos

Meneer/Dame

VOORGESTELDE HERSONERING EN AFWYKING OP ERF 4282, MOORREESBURG

U aansoek gedateer 8 September 2015 met verwysing 140~4282-Mrb rakende die onderwerp het betrekking.

A Uit hoofde van die bevoegdheid wat ingevolge Raadsbesluit 7.25 gedateer 13 Mei 2015 aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste gedelegeer is, soos bepaal deur artikel 69(1) van Swartland Munisipaliteit se Verordening insake Grondgebruiksbeplanning (PG 7425 van 10 Julie 2015) word die aansoek vir hersonering van erf 4282, Moorreesburg vanaf enkelresidensiële sone 2 na sakesone 2 ten einde 'n buurtwinkel te bedryf, ingevolge Artikel 60 van die Swartland Munisipaliteit se Verordening insake Grondgebruiksbeplanning (PG 7425 van 10 Julie 2015) goedgekeur, onderhewig aan die volgende voorwaardes:

1. Stadsbeplanning en Boubeheer

(a) dat bouplanne aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste vir oorweging voorgelê word vir die omskepping van die woonhuis na 'n buurtwinkel;
(b) dat die nodige aansoek vir die oprigting van advertensietekens by die Direkteur: Ontwikkelingsdienste vir oorweging voorgelê word;

2. Water

(a) dat daar van die bestaande aansluiting gebruik gemaak word en dat geen addisionele aansluitings voorsien sal word nie;

3. Riool

(a) dat daar van die bestaande aansluiting gebruik gemaak word en dat geen addisionele aansluitings voorsien sal word nie;

4. Vullisverwydering

(a) dat ‘n basiese vullisverwyderingstarief gehef word vir die besigheid, en dat die tarief aangepas word namate die hoeveelheid vullis wat verwyder word;
(b) dat die vullis in swartsakke op die naaste munisipale sypaadjie op die oggend van verwydering geplaas word;

B Uit hoofde van die bevoegdheid wat ingevolge Raadsbesluit 7.25 gedateer 13 Mei 2015 aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste gedelegeer is, soos bepaal deur artikel 69(1) van Swartland Munisipaliteit se Verordening insake Grondgebruiksbeplanning (PG 7425 van 10 Julie 2015) word die aansoek vir ‘n afwyking van die 3m agterboulyn na ±2,5m en die 3m syboulyne na 0m (noordelike grens) en ±1m (suidelike grens) onderskeidelik, ingevolge Artikel 60 van die Swartland Munisipaliteit se Verordening insake Grondgebruiksbeplanning (PG 7425 van 10 Julie 2015) goedgekeur.

C Uit hoofde van die bevoegdheid wat ingevolge Raadsbesluit 7.25 gedateer 13 Mei 2015 aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste gedelegeer is, soos bepaal deur artikel 69(1) van Swartland Munisipaliteit se Verordening insake Grondgebruiksbeplanning (PG 7425 van 10 Julie 2015) word die aansoek vir ‘n afwyking ten einde geen van die vereiste 3 op-perseel parkeerplekke te voorsien nie, ingevolge Artikel 60 van die Swartland Munisipaliteit se Verordening insake Grondgebruiksbeplanning (PG 7425 van 10 Julie 2015) goedgekeur.

Die uwe

MUNISIPALE BESTUURDER
per Departement Ontwikkelingsdienste

AJB/ds

Afskrif : Direkteur : Siviele Ingenieursdienste

Direkteur : Finansiële Dienste

FH Mohamed & SA Sahal, Bloekomboomstraat 32, Moorreesburg, 7310

Redes vir goedkeuring

- Die aansoek is versoenbaar met die ruimtelike beplanning van Moorreesburg.
- Kliënte van die buurtwinkel besoek die winkel meestal te voet. Dus word die afwyking vir die nie-voorsiening van op-perseel parkering as in orde beskou.
- Alle omliggende/affekteerde eienaars het geen beswaar teen die aansoek nie.
- Die aansoek voldoen aan die beginsels vir grondgebruiksbeplanning van die Wes-Kaapse Wet op Grondgebruiksbeplanning, 2014 (Wet no 3 van 2014).